# F.W. REITZ SE BESTAANSKRISIS IN NEDERLAND AS ONVERSETLIKE BOERELEIER EN SY TERUGKEER NA SUID-AFRIKA

**Johan Moll**
*Departement Geskiedenis*
*UOVS*
*Posbus 339*
*9300 Bloemfontein*

**F.W. Reitz's struggle for survival in the Netherlands as intransigent Boer leader and his return to South-Africa**

F.W. Reitz's irreconcilable attitude towards British paramountcy in South Africa after the Anglo-Boer War led to his deportation, and unsuccessful lecturing tour through the USA (October 1902 - February 1903) and his settling in the Netherlands where his wife and children had already been living since the middle of 1900. The nature of his publications during his stay overseas, his deteriorating health, the hardship of his wife and family and their eventual decision to return to South Africa are critically discussed and analysed on the basis of archival and other sources.

F.W. Reitz se onversetlike houding teenoor Britse heerskappy in Suid-Afrika na die Anglo-Boereoorlog het gelei tot sy deportasie en 'n onsuksesvolle lesingtoer deur die VSA (Oktober 1902 - Februarie 1903) en vestiging in Nederland waar sy vrou en kinders reeds sedert die helfte van 1900 gevestig was. Die aard van sy publikasies in hierdie tyd, sy verslegtende gesondheidstoestand, die ontberings van sy vrou en gesin en hulle uiteindelike besluit om na Suid-Afrika terug te keer, word uit argivale en ander bronne krities beskryf en ontleed.

Na die Vrede van Vereeniging het Francis William Reitz, voormalige staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek, die toonbeeld van aktiewe onversoenlikheid onder die Boerebittereinders in Suid-Afrika geword. Hy was slegs bereid om die Vredesverdrag in sy amptelike hoedanigheid as staatsekretaris te onderteken en het summier geweier om hom aan die nuwe Britse gesag in Suid-Afrika te onderwerp. Gevolglik is opdrag gegee dat hy en twee van sy seuns wat nog saam met hom op die oorlogsveld in Transvaal was, Deneys en Arend, gedeporteer moet word. Teen Augustus 1902 is Reitz en sy twee seuns weer verenig met sy vrou Corrie, sy dogter en sewe seuns, wat hulle reeds teen die helfte van 1900 in Nederland gevestig het. Sy was 'n gebore Nederlander en kon met behulp van haar ouers en familie tydens die Oorlog 'n tuiste vir haar kinders in Scheveningen vind. Hulle versorging was 'n uiters moeilike taak: veral om die sewe seuns te dissiplineer en te sorg dat hulle

behoorlik opgevoed word.[1] Maar die Reitze se situasie was natuurlik nog gunstig teenoor die Boerefamilies in Suid-Afrika en veral die vroue en kinders in die konsentrasiekampe.

Reitz se eerste poging om 'n nuwe bestaan te vind, was om geld te probeer verdien vir sy groot gesin deur 'n lesingtoer in die VSA vanaf Oktober 1902 tot Februarie 1903 te onderneem en om die moontlikheid te ondersoek om hom en sy gesin permanent daar te vestig.[2] Veel geldelike voordeel het hy nie uit sy lesingtoer behaal nie, die belangstelling was nie groot nie en waarskynlik was sy instelling te juridies ontledend om van hom 'n boeiende en opruiende spreker te maak om groot skares te lok. Met sy vertrek uit die VSA kon hy nog geen definitiewe toekomsplanne in die vooruitsig stel nie. Sy reis het wel die moontlikheid van vestiging in Texas vir 'n aantal Boere getoon, maar of hy enige werksaanbiedinge ontvang het, is onseker.

Toe hy en sy vrou vroeg in Maart 1903 in Holland aanland, het hulle hul intrek geneem te Kanaalweg 45, Scheveningen en is hulle weer verenig met hulle ses skoolgaande seuns en dogter. Drie voormalige Boereleiers het hulle nou in Europa bevind: Kruger in Frankryk en Steyn en Reitz in Holland. Al drie het gesondheidsprobleme ervaar en die ironiese situasie het bestaan dat drie voorste Boereleiers hulle in redelike gemak in Europa bevind het, Boerefondse aan hulle toegeken is en dit terwyl hulle volksgenote in groot ellende in Suid-Afrika verkeer het.

## Publikasies

Onderhoud van sy gesin was onmiddellik vir Reitz die hoogste prioriteit en alhoewel hy nog 'n groot huis en ander besittings in Pretoria gehad het, was die gesin se finansiële vooruitsigte in Holland benard. Gevolglik het hy hom met erns op sy skryfwerk begin toelê, iets waarin hy goed geskool was sedert die dae toe hy as Vrystaatse hoofregter 'n bundel Afrikaanse rympies uitgegee het. Reeds aan die einde van 1902 is sy kort biografiese skets oor president Steyn in Nederlands in Haarlem gepubliseer.[3] In hierdie skets blyk Reitz se vurige bewondering vir die optrede en uitlatings van Steyn en die belangrike rol wat hy in die pas beëindigde oorlog gespeel het. Ten aanvang word 'n saaklike oorsig van Steyn se opvoeding gegee en ter wille van sy Nederlandse lesers en waarskynlik sy eie gevoeligheid oor Engelse invloed en oorheersing, probeer Reitz verduidelik waarom Steyn in Londen aan die **Inns of Court** studeer het en nie in Amsterdam nie: omdat Steyn nie meer so jonk was nie, het hy opgesien teen die voorbereidingskursusse in vreemde tale wat in Amsterdam 'n vereiste was en het hy eerder aan die eenvoudige toelatingsvereiste te Londen voldoen. Terug in die OVS, aldus Reitz, het Steyn eers beïndruk as 'n regsgeleerde met gesonde verstand en grondige wetskennis en weldra as bekwame regter. Niemand het hom egter aangesien as die persoon met soveel talente en begaafdhede as wat hy later veral as Vrystaatse staatspresident sou openbaar nie.

---

Met Reitz se aankoms in Augustus 1902 was Govert twee jaar en agt maande, Gys drie jaar en agt maande, Fritz vyf jaar en vier maande, Frank sewe jaar en drie maande, Rolf nege jaar en twee maande, Harry tien jaar en nege maande, Bessie elf jaar en tien maande en Jack vyftien jaar en ses maande.

2. Vgl. J.C. Moll, "'n Onversoenlike Boereleier: F.W. Reitz se toer deur die VSA", *Acta Academica* 25(2+3), 1993, pp. 92-113.

3. Dit het deel gevorm van Willink en Zoon se reeks oor *Mannen en Vrouwen van Beteekenis in Onze Dagen*, Aflevering 6, pp. 197-220 onder redaksie van J. Kalff Jr. (Haarlem, 1902).

Reitz verwys na Steyn se goeie bestuur van die Republiek sodat selfs die Britte dit as 'n modelrepubliek bestempel het. Met sy kenmerkende nederigheid verwys hy nêrens na sy eie belangrike staatsontwikkeling van die Vrystaat as voorganger van Steyn nie. Sy verklaring vir die uitbreek van die oorlog is simplisties en skerp anti-kapitalisties: die kapitaliste — die Rhodes-kliek — het inmenging in die interne bestuur van die ZAR begeer om hulle eie belange te beskerm. Daarenteen het Steyn dit as sy plig beskou om 'n vredesbreuk te voorkom en die twee partye na Bloemfontein te nooi, 'n byeenkoms wat geen vrug gelewer het nie. Hy wys daarop hoe Steyn steeds, maar tevergeefs, sy invloed gebruik het om die ZAR tot meer toegewings te oorreed.[4]

In hierdie kort biografie van Steyn tree Reitz se weersin teen Chamberlain duidelik na vore. Hy verdedig homself ook teen die kritiek dat hy, Reitz, vir die ultimatum wat tot die oorlog gelei het, verantwoordelik was. Die ultimatum was opgestel feitlik letterlik in die woorde van president Steyn in 'n brief aan lord Milner op 3 Oktober 1899. Indien die skrywe van die Transvaalse regering van 9 Oktober dus as 'n oorlogsverklaring beskou moet word, "dan zou President Steyn die verklaring der Zuid-Afrikaansche Republiek in den mond gelegd hebben".[5] Vir Reitz was die sogenaamde "ultimatum" niks meer nie as 'n voorstel om die Engelse 'n geleentheid te gee om nog op die laaste oomblik bewys te lewer dat hulle werklik vrede begeer. Bykans 'n derde van die pamflet bestaan uit Reitz se weerlegging van die aantyging dat die ZAR die oorlog ontketen het.

Die aksent in die pamflet val op Steyn se standvastige optrede tydens die oorlog, veral sy ferm en standvastige houding dat geen vrede gesluit moet word waardeur die onafhanklikheid van die Republieke of die belange van die koloniale Boere-ondersteuners prysgegee word nie.

Ten slotte bespreek Reitz die vredesonderhandelings en beskrywe hoe Steyn deur siekte verplig was om hom te onttrek. Vir Reitz is Steyn die totaal onversetlike wanneer dit gaan oor die aantasting van sy land se onafhanklikheid.[6] Steyn is die held, die edele en groot staatsman, die persoon wie se siekte hopelik sal genees sodat hy steeds 'n leidsman vir sy volk kan wees.[7] Die pamflet is 'n ophemeling van Steyn en gee geen kritiese ontleding of bevraagtekening van sy leierskap nie.

Dit kan aanvaar word dat hierdie pamflet in Nederland wyd gelees is, omdat die oorlog daar steeds 'n populêre en boeiende tema was en Steyn hom toe juis in Nederland bevind het. Bowendien was Reitz geen onbekende in Nederlandse literêre kringe nie. Vir die Nederlandse letterkunde het hy groot belangstelling getoon en reeds in 1884 lidmaatskap van die bekende Maatschappij der Nederlandsche Letterkunde te Leiden aanvaar. In 1902 is hy benoem tot lid van die hoofbestuur van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Vereeniging (NZAV), 'n erepos wat hy tot sy dood met toewyding beklee het. Boonop het die Reitz-egpaar aandag getrek omdat Corrie die enigste Nederlandse vrou was wat ooit die vrou van 'n regerende staatshoof buite Nederland was.[8]

Afgesien van die voltooiing van bogenoemde biografiese skets, was Reitz se eerste oogmerk na sy terugkeer uit Amerika om 'n heruitgawe voor te berei van sy Afrikaanse

---

4. *Ibid.*, p. 204.
5. *Ibid.*, p. 206.
6. *Ibid.*, p. 220.
7. *Ibid.*
8. *Nederland Oranje-Vrystaat.* Uitgegee deur die Nederlandse Gesantskap, Pretoria, ter herdenking van die Nederlandse Fees te Bloemfontein 30 September - 1 Oktober 1942, Africana Biblioteek, Johannesburg.

gediggies en rympies wat gedurende die Tweede Anglo-Boereoorlog verskyn het. Volgens *The Friend* sou Reitz dit van 'n toeligting voorsien om die waarde daarvan uit 'n geskiedenis-oogpunt te verhoog en om te sorg dat die letterkundige ontboeseminge van die Boerekrygers en hulle vroue nie verlore gaan nie. Wat gedurende die oorlog van hierdie gediggies reeds in Holland bekend geword het, het die belangstelling vir 'n groter versameling daarvoor des te groter gemaak. So 'n publikasie sou egter nog meer belangstelling onder Suid-Afrikaners gaande maak.[9]

Blykbaar het Reitz die stilte van Delft opgesoek, waarskynlik by familielede van sy vrou, om aan die rumoerigheid van 'n huishouding met agt kinders te ontsnap. 'n Interessante poskaart aan sy vrou, gedateer 18 April 1903, het behoue gebly waarop 'n foto van Reitz verskyn met sy kenmerkende lang baard en skryfbril laag op die neus besig om hieraan te werk.[10]

Reitz was spoedig ook weer in kontak met dr. Willem Leyds op wie se skouers die moeilike taak gerus het om die eertydse Zuid-Afrikaansche Republiek se finansiële sake en geheime fondse in Europa te administreer.[11] Hy was ook in korrespondensie met bekende vriende uit Suid-Afrika. Op 27 April het sy groot vriend, Abraham Fischer, 'n gevoelvolle brief uit die Vrystaat aan Reitz gerig oor die toestande na die oorlog en vertel dat hy en sy vrou weer terug was op hulle plaas en hoe feitlik alles van die plaas en uit hulle dorpshuis verdwyn het. Maar as Fischer die armoede en ellende van andere sien, dan kan hy nie anders as om te swyg nie. Die Vrystaat kry bitter swaar en boonop heers daar 'n kwaai droogte. As Fischer waarneem hoe "onze menschen, ten midden van alles, moed houden en aan het werk gaan en hoopvol blyven dan behoud ik ook moed voor de toekomst en gevoel het is iets om te kunnen zeggen 'ik ben Afrikaander'. Dat volk heeft 'zeer gekryg' en 'kryg nog zeer'; dat het zal worden onderdrukt, overwonnen, uitgeroeid! Moe nie gloô nie! Er zit te veel levenskracht in!" Bloemfontein het baie verander en uitgebrei. Fischer glo meeste van die ou bekendes was werklik bly om hom terug te sien en die oorlopers na Britse kant wat so teen hom uitgevaar het toe hy weg was, is doodstil. "Ik kan ze natuurlik niet anders dan verachten, benyden doet niemand hen, zy zyn niet 'happy' dat kan men aan hen zien."[12]

Hierdie brief moes Reitz diep geraak en die verlange na sy eie mense intens vergroot het. Veral die vasberadenheid van die Afrikaner om weer op te staan, moes hom ernstig laat nadink het oor sy eie onverbiddelike besluit om nie na 'n afhanklike Suid-Afrika terug te keer nie. Deur onversoenlik te bly, kon hy geen aandeel hê nie aan die heropbou van die land wat hy so intens liefgehad het. Tog was daar persone in Suid-Afrika wat Reitz se teenwoordigheid in die buiteland gesien het as 'n geleentheid wat benut moet word vir buitelandse steun in die Afrikaner se stryd om selfhandhawing.[13]

As taalstryder, digter en kultuurmens het Reitz dwarsdeur sy lewe bykans 'n kunstenaarstemperament en besondere sensitiwiteit as persoon getoon. Tydens die oorlog het hy administratiewe take bly verrig eerder as om fisiek by die stryd betrokke te raak, spotgedigte teen die Britse vyand geskrywe eerder as om op daadkragtige wyse te reageer. Maar in sy gees het die verwoesting en swaarkry van die oorlog dieper letsels gelaat en groter

9. *The Friend*, 31.3.1903.
10. Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN), Poskaart, Reitz aan Corrie, Delft, 18 April 1903.
Kyk Transvaalse Argiefbewaarplek (TAB), Leyds-argief, Nr. 259, deel II, Briewe van Reitz aan Leyds, Maart 1903.
12. NALN, Dr. G. Reitz-versameling, A. Fischer aan Reitz, Bloemfontein.
13. *De Vriend*, 23.5.1903.

onversoenlikheid tot gevolg gehad as by meeste ander strydende mede-Afrikaners.

## 2. Gesondheids- en finansiële probleme

Reeds met sy besoek aan Amerika het Reitz tekens van terugkerende slaaploosheid begin toon en teen Mei 1903 was daar blyke van ernstiger ongesteldheid. Volgens een van sy geneeshere was dit 'n senuweetoestand in reaksie na 'n periode van intense spanning. Aan Leyds het Corrie bekommerd laat weet hoe haar man tob oor nuus uit Texas en die moontlikheid om daar werk te vind en ook die heimlike vrees koester dat hy weer in die siektetoestand kan beland waarin hy agt jaar vantevore was en wat tot sy bedanking as Vrystaatse staatspresident gelei het.[14] Een van Reitz se geneeshere, professor Winkler, het gewaarsku dat Reitz hom nie so iets moes indink nie en iets moet kry om te doen. Om mee te begin moes hy 'n Europese reis onderneem.

Intussen het Reitz se kwellinge nie verminder nie en sy finansiële posisie het steeds verswak. Een van die eerste dokumente met betrekking tot sy materiële besittings na die oorlog, is 'n brief gedateer Julie 1902 van sy prokureursfirma Stegmann, Esselen en Roos in Pretoria. Hierin word namens Reitz navraag gedoen wat van sekere van sy besittings in die regeringsgebou te Pretoria geword het, onder andere meubels en 'n aantal regsboeke.[15] Reitz het nog eiendom in die Vrystaat en Transvaal gehad waarvan hy afstand sou moes doen om sy swak finansies te probeer beredder.[16]

Corrie het teenoor Leyds te kenne gegee dat alhoewel die geneesheer 'n Europese reis vir haar man voorgeskryf het, hulle finansies dit nie toelaat nie en sy het by hom om raad aangeklop. Hulle huis in Pretoria is nog nie verkoop nie en hulle prokureur het dit op advies van Smuts vir 'n jaar aan regter Solomon verhuur. Sy kon egter meld dat die vermoënde dr. H.P.N. Muller, vroeëre konsul-generaal van die Oranje-Vrystaat en bekend vir die oorgawe waarmee hy die Boeresaak in Europa gedien het, Reitz finansiële hulp aangebied het. Hierdie aanbod het Reitz diep geraak. Raai Leyds hulle aan om dit te aanvaar, of sou hyself geneë wees om hulp aan te bied uit fondse onder sy beheer? Reitz moet nie weet dat sy aan Leyds skryf nie voordat sy swak toestand nie verbeter nie. Sy was oortuig dat Reitz se vriende in Suid-Afrika hom te hulp sou kom indien hulle sy posisie besef. Onbeskroomd en met volslae lojaliteit wys sy daarop dat Reitz sy lewe lank ander gehelp het en nie nou in die steek gelaat mag word nie.[17] Sy kon wel meld dat die Finse Hulpfonds intussen 'n duisend mark aan die Reitz-kinders gestuur het, anders sou haar suster onder wie se sorg en toesig hulle was, nie die mas opgekom het nie.

In dieselfde skrywe aan Leyds het sy na vier van die vyf seuns uit Reitz se eerste huwelik verwys: Hjalmar was 26, Joubert 22, Deneys 22, Arnt Leonard (Ati) 20 en Johannes Hendrikus Brand (Jack) 16. Reitz se suster (Frances Hester), getroud met die bekende en vermoënde W.P. Schreiner, wil Deneys vir haar rekening neem en as advokaat laat studeer.

---

TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Hotel Berg en Dal, Bij Nijmegen, 12.5.1903.

15. TAB, CS 107, 7226/02. Stegmann, Esselen en Roos aan Kol. Sekr., Pretoria 11.7.1902 en die antwoord van die Kol. Sekr., 26.7.1902.

16. Vrystaatse Argiefbewaarplek (VAB), A. Fischer-versameling, 59/7/1, A. Fischer aan Reitz, Bloemfontein, 27.4.1903.

17. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Hotel Berg en Dal, Bij Nijmegen, 12.5.1903.

Alhoewel Reitz se suster 'n Afrikaner was, was Schreiner so Engelsgeoriënteerd dat sy twyfel of haar man dié aanbod sal aanvaar. Hjalmar studeer te Antwerpen op rekening van professor Jan Six en sy vrou Bosch Reitz, 'n bloedverwant wat hom by hulle in die huis op die Heerengracht ingeneem het.[18] Jack is deur die swaer van Reitz deur sy eerste huwelik, Thesen, gevra om na Knysna te gaan en is bereid om vir alles te betaal, maar hulle is sulke jingo's dat dit "verskriklik" sal wees om so 'n aanbod te aanvaar.[19] Reitz se openbare onversoenlikheid het dit eintlik onmoontlik gemaak om gunste en gawes van familie of vriende wat met die Britte geheul het, te aanvaar. Kom daar egter iets van die plan om hulle in Texas te vestig, wat sy as gans onmoontlik beskou, sal daar spoedig 'n uitweg wees. In Amsterdam het sy Reitz se oorlogsversies aan die uitgewer Warendorff verkoop vir veertig pond, maar het nog nie die geld ontvang nie. Volgens haar was die versameling van vyftig versies egter veel meer werd.[20] Kort nadat Corrie bogenoemde brief aan Leyds gestuur het, het sy wel die geld van die uitgewersmaatskappy vir die publikasie ontvang en haar finansiële krisis was voorlopig verby.

In sy antwoord verwys Leyds na Muller se aanbod en meld hy dat hy nooit besef het Reitz en sy familie kry finansieel swaar nie en stem met haar saam dat Reitz nie in die steek gelaat mag word nie. Hy sien geen rede waarom Muller nie iets vir Reitz kan doen nie, want hy het nie kind of kraai nie en is welaf.[21] Leyds se verbasing oor Reitz se swak finansiële toestand is verrassend en toon 'n ernstige gebrek aan voldoende belangstelling in Reitz as 'n baie prominente Boereleier se wel en wee. Leyds het immers oor fondse uit Transvaal beskik en behoort op hoogte te gewees het met Reitz se finansiële toestand in die buiteland en moes besef het dat geen Afrikaner uitgewekene in Europa dit uit sy eie breed kon gehad het nie. Reitz se toestand het nie verbeter nie en hy het aan sy vrou se senuwees geknaag deur na 'n klein neusbeen operasie wat hy moes ondergaan, telkens te vra of hy kanker het. Van kanker was daar geen sprake nie en volgens die geneesheer was haar man "zenuwziek" daar hy hom "allerlei vreeslykhede" voorstel. Positiewe mens wat sy was, het sy haar man sover probeer kry om te lees om sy gedagtes af te lei,[22] maar hy was uiters depressief en dit was asof hy meer wroeginge beleef het as gedurende die oorlog en onmiddellik daarna. Sy het gelate aanvaar dat dit 'n periode is wat eenvoudig deurgemaak moet word en geglo dat haar man se sterk gestel hom deur die krisis sou dra.[23]

Dit blyk duidelik dat Reitz se siekte meer psigies as fisiek was. Waarskynlik was sy verlange na Suid-Afrika, die onsekerheid oor sy planne om hom in die VSA te vestig, sy al swakker wordende finansiële toestand en die kwelling oor sy kinders se versorging, almal bydraende faktore. Hy was totaal in homself gekeer en alles wat in Suid-Afrika aangaan, het hom "met afsku" vervul.[24] Sy vrou het 'n bykans onmoontlike taak gehad om te vervul en sy moes op alle fronte keer: haar man sorgsaam verpleeg, die woelige kinders versorg en na die finansies omsien. Nooit verwyt sy nie al moes sy telkens by Leyds aanklop om maandelikse steun vir huishoudelike uitgawes.[25] Gelukkig kon hy telkens hieraan voldoen

---

18. H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, p. 219.
19. *Ibid.*
20. *Ibid.*
21. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan C. Reitz, Utrecht, 28.5.1903.
22. VAB, A. Fischer-versameling, C. Reitz aan A. Fischer, Scheveningen, 29.5.1903.
23. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 22.6.1903.
24. F. du T. Spies, *'n Nederlander in diens van die Oranje Vrystaat* (Amsterdam, 1946), p. 235.
25. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 4.6.1903.

uit Transvaalse fondse tot sy beskikking.[26] Terwyl haar man hom in 'n diep depressie bevind het en sy onversetlikheid as 't ware gekoester het, moes sy agteraf en sonder sy medewete bedelbrood vra en oplossings vir voortbestaan bedink.

Teen Junie 1903 het Reitz byna nie meer geloop nie en die hele dag in die bed in 'n donker kamer deurgebring. Intussen het sy vrou berig ontvang dat twee Amerikaanse Boere-ondersteuners met wie hulle kontak gehad het, in die tronk beland het. Dit het vir haar al duideliker geword dat daar van hulle moontlike Amerikaanse vestiging niks tereg sou kom nie, en dat haar man hom heeltemal van die planne van hierdie Boere-ondersteuners om 'n Boerevesting in die VSA van stapel te stuur, behoort te distansieer.[27] Leyds was dit volkome eens dat Reitz se naam te hooggeag was om hom hiermee te "besoedel".[28]

Nuus van Reitz se swak finansiële toestand was teen hierdie tyd wyer bekend in Suid-Afrika en 'n bron van onsteltenis vir sy vriende. Toe Fischer vir Louis Botha hiervan laat weet, het laasgenoemde onmiddellik £100 aan Reitz gestuur en terselfdertyd belowe om sodra hy nadere inligting van Reitz se finansiële toestand ontvang, by ander vriende aan te klop omdat hy oortuig daarvan was dat hy steun van hulle sou kry. Die kwessie van die verkoop van Reitz se huis in Pretoria sou weer aandag ontvang, maar daar was 'n taamlike groot verband en ander skuld op.[29]

Vroeg in Julie was die Reitze te Karlsbad in Duitsland waar hy deur 'n dr. Loudon ondersoek is. Sy bevinding was dat Reitz geen organiese siekte hoegenaamd het nie, wel 'n kragtige gestel waarvan die funksie voorlopig versteur was. Teen 14 Julie was hulle terug in Scheveningen, met Reitz nog totaal "van stryk" en heeltemal apaties. Vir die eerste keer verwys Corrie nou in haar korrespondensie na planne wat beraam word om na Suid-Afrika terug te keer en die afleiding moet gemaak word dat sy die groot aanhitser hiervan was. Teenoor Leyds meld sy dat Hjalmar laat weet het hy sou onmiddellik aan Reitz se swaer, W.P. Schreiner, skryf om te hoor wat laasgenoemde daarvan dink dat Reitz in Kaapstad in vennootskap met een of ander prokureur gaan.[30] Reitz het egter volgehou dat hy nooit onder die heersende omstandighede na Suid-Afrika sal terugkeer nie, tensy hy deur groot nood daartoe forseer word.

Hoe groot die nood reeds was, het hy duidelik nie besef nie. Uit Suid-Afrika het hulle prokureur berig dat hy geen geld meer vir hulle beskikbaar het nie.[31] Verskeie skuldeisers het begin dreig met vervolging en hy verwag dat as hy alles betaal het, nl. die verband, die agterstallige rente, reparasies ens., hy uit die verkoop van die huis vir £4 500 nouliks £500 sal oorhou. Dit alles het Corrie as onbelangrik beskou en haar onselfsugtige en besorgde houding was: "Vóór alle dingen en ten koste van alle dingen moet alles gedaan worden zodat myn man zyn gezondheid terug krijgt, want als dit zoo moet voortgaan is het voor goed met ons klaar."[32]

Omdat Reitz se toestand in Scheveningen geensins verbeter het nie, is hy aangeraai om na die Swartwoud te gaan. Die dokters was dit eens dat sy herstel lank sou neem omdat "de boog te lang gespannen" was en dit tyd sou neem om weer tot "de vorige toestand terug te komen." Teen hierdie tyd het Corrie teenoor Leyds laat blyk dat sy begin moedeloos raak,

26. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan mev. Reitz, Utrecht, 25.6.1903.
27. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 25.6.1903.
28. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan mev. Reitz, Utrecht, 3.7.1903.
29. VAB, Fischer-versameling 59/7/1, L. Botha and A. Fischer, Pretoria, 20.6.1903.
30. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Hotel National, Karlsbad, 3.7.1903.
31. TAB. Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 14.7.1903.
32. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Kanaalweg 45, 13.8.1903.

veral omdat die kinders se opvoeding by die dag 'n groter probleem geword het. Haar suster was nie te gesond nie en kon die uitputtende huishouding slegs met die grootste inspanning behartig. Ook vir Reitz was die kinders 'n groot bekommernis, omdat hy daarvan bewus was hoe woelig hulle is en dat hulle meer toesig nodig het. Die seuns het self soms in die hande van die polisie beland omdat hulle voëls skiet, by die burgermeester 'n ruit gebreek het en daar beslag gelê is op al hulle voëlrekke. So kon die kinders nie toegelaat word om op groei nie. Moedeloos kla Corrie dat vandat die kinders in Holland aangeland het, hulle in vele dinge agteruitgegaan het omdat hulle met "straat jongens" omgaan. Indien Reitz nie oor 'n paar weke beter is nie en hulle na Switserland moet vertrek, sal sy die kinders moet meeneem, kla sy teenoor Leyds.[33]

Leyds het hierop prontuit geadviseer dat sy dit moet oorweeg om die kinders in 'n kosskool te plaas.[34] Dit het sy as 'n oplossing gesien en vier van die kinders is in kosskole geplaas, maar sy moes nog steeds die drie jongstes van vier, vyf en ses saamneem en haar suster as oppasser.[35] Vir haar was dit 'n bykans onmoontlik veeleisende tyd: 'n siek man wie se toestand nie verbeter het nie, sewe kinders wat versorg moet word en 'n benarde finansiële situasie. Sy kon egter voorlopig op steun van Leyds reken, met die verdere versekering van finansiële bystand.[36]

Teen einde September 1903 het Reitz se toestand ietwat verbeter, maar, in die woorde van sy vrou, die probleem was dat hy vir vier of vyf dae vooruit gegaan het, dan kom daar een of twee slapelose nagte en sy toestand word weer wat dit was.[37]

In die loop van September en Oktober is Reitz deur twee vriende in Suid-Afrika aangeraai om terug te keer. Sy swaer W.P. Schreiner se raad was dat hy na die Kaap moet kom sodra hy weer herstel het en hom saam met 'n jong prokureur daar moet vestig. Oor hierdie raad was Reitz en sy vrou skepties. Daar was 'n oorvloed van advokate en Reitz was al so lank uit die beroep dat hy oortuig was dat dit uiters moeilik sou wees.[38] 'n Delikate saak was nog steeds Reitz se weiering om hom aan Britse opperheerskappy te onderwerp, sy vurige toesprake teen die Britte tydens sy Amerikaanse lesingtoer en veral sy skerp kritiek teen Chamberlain. Dit was Chamberlain wat pertinent na Reitz se gedrag en uitlatings verwys het tydens die besoek van die Boeregeneraals aan Brittanje.[39] J.C. Smuts weer het hom aangeraai om na Stellenbosch te gaan omdat dit goedkoop daar was en die kinders goeie opvoedingsgeleenthede sou hê. Smuts het laat weet hy meen indien die progressiewes aan bewind kom, hulle 'n wet in die Kaap sou deurvoer waardeur "undesirables" soos Reitz ook "gekeur" sal word om weer in die land toegelaat te word. Dus raai hy Reitz aan om so gou moontlik terug te keer.

Teen die einde van 1903 het Smuts dringend laat weet, waarskynlik met hulle verslegtende finansiële toestand in gedagte en moontlik op aansporing van Deneys, "Pak op en kom onmiddelyk hierheen anders gaan dingen naar een crisis." Die geneesheer het Reitz egter verbied om terug te keer voordat hy voldoende herstel het en hyself het ook volstrek geweier. Die persoonlike vernedering sou te veel wees: die onversetlike Boereleier wat wêreldwyd verklaar het dat hy nooit onder Britse bewind sou staan nie, moes hoed in die

---

33. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Kanaalweg 45, 13.8.1903.
34. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, Leyds aan mev. Reitz, Bad Ems, 15.8.1903
35. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, ?.8.1903.
36. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan mev. Reitz, Bad Ems, 18.8.1903.
37. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, 42 Statenlaan, 25.9.1903.
38. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, 42 Statenlaan, 25.9.1903.
39. Vgl. J.C. Moll, "'n Onversoenlike ..." *Acta Academica* 25 (2 & 3) 1993, p. 101.

hand vra vir rehabilitasie.[40] Tog was daar darem enkele ligpunte, nl. dat die vyf oudste seuns terug was in Suid-Afrika; Deneys was versorgd, het by die Smutse ingewoon en homself 'n knap jongman getoon; Hjalmar was besig met sy LL.B (en het dit in Januarie 1904 suksesvol afgelê), Jack is deur sy ooms na die S.A. College gestuur en Joubert en Ati het reeds begin verdien.[41]

Reitz se toestand was eintlik nog onververanderd toe hy en sy vrou Montreux, Switzerland, in Oktober besoek. Sy maag was in 'n slegte toestand van gisting wat die druk op die hoof veroorsaak het. Reitz moes 'n breë maaggordel dra, met tussenposes daagliks veertig minute loop en twee keer daagliks uitry. Ten spyte van Montreux se pragtige omgewing het Reitz min belangstelling of plesier in enigiets getoon. In hierdie stadium het 'n Vrystaatse koerant, *De Vriend* berig: "Hij zit maar heel den dag stil in een hoek, en zegt geen woord. Een groot medelijden heeft ons hier aangegrepen met den vurigen patriot die eens zoo vol geestdrift, plotseling geknakt en gebroken is." Vir sy vrou is dit 'n uitputtende taak wat sy egter soos mev. Steyn, met die grootste toewyding vervul.[42] Dit was juis te Montreux dat haar kragte begin ingee het vanweë uitputting om haar man dag en nag te versorg en sy moes haar broer, Jan Mulder, vra om te kom help. Terug in Scheveningen is Reitz weer deur twee geneeshere ondersoek en weer is besluit om hom weg te stuur. Hulle oortuiging was dat 'n "zenupatient" in 'n ander omgewing as waarin hy siek geword het, moes genees. Gedurende Desember was Reitz en sy swaer te Nassau in die Kurhaus waar hy gebaai en massering ontvang het. Uiteindelik het beterskap geleidelik begin intree, sy groot neergedruktheid het begin wyk en algehele beterskap is in die vooruitsig gestel.[43]

Voor die jaar om was, het die Reitze berig van hulle prokureur ontvang dat hy verplig sou wees om die huis te verkoop, daar die skuldeisers hof toe wou gaan. Om dit te verhoed, het hy geld probeer leen teen 8½% om die skulde te delg, maar selfs onder Reitz se vriende was daar geen reaksie nie. Gevolglik het Reitz se seuns aan laasgenoemde se swaer, W.P. Schreiner, geskryf en dié het onmiddellik die nodige £3 000 geleen om die skulde te vereffen en die verkoop van die huis te verhoed.[44] Hiervan het Reitz nog niks geweet nie en Corrie was heimlik bekommerd oor wat hy daarvan sou sê. Wat haarself betref, was sy teen hierdie tyd bereid om selfs geld en hulp van vyande te aanvaar as om haar man ten gronde te laat gaan.[45] Met die geld wat hulle prokureur deur die Schreiner verband ontvang het, kon hy die uitstaande rekenings vereffen, waarvan die grootste bedrag vir verband- en rentekoste gegaan het.[46]

Gedurende die hele Januarie 1904 het Reitz en sy vrou weer Nassau besoek. Reitz was nog geensins gesond nie, maar daar was steeds 'n verandering ten goede merkbaar.[47] In hierdie stadium het hy 'n brief van onderskraging van M.T. Steyn ontvang waarin hy hom verseker dat niemand wat dit nie persoonlik ondervind het nie, weet wat so 'n senutoestand

---

40. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Montreux, Hotel National, 12.10.1903.
41. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 31.12.1903.
42. *Ibid.*
43. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 31.12.1903.
44. S.A. Openbare Biblioteek: MSC27, W.P. Schreiner-versameling, Box 29, Telegram Books, Book D, p. 41, Schreiner aan Deneys, 8.10.1903: "... willing to lend up to three thousand ... happy [to] help my dear brother and his family".
45. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Scheveningen, 31.12.1903.
46. Die grootste bedrae was verskuldig aan winkels soos Continental Stores, T.W. Beckett, S. Lingbeek, I. Haarhoff en 'n groot rente bedrag is bygevoeg omdat al die rekeninge reeds lank uitstaande was.
47. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz and Leyds, Kurhaus Bad, Nassau, 29.1.1904.

beteken nie. Volgens Corrie was die dokters van mening dat alles wat Reitz tydens die oorlog deurgemaak het en daarna, die oorsaak van sy langdurige siekte is. Hierdie uitleg was nie sonder meer vir haar aanvaarbaar nie. Sy was oortuig dat nie net die skok van wat hy deurgemaak het, sy toestand veroorsaak het nie, maar die vrees dat hy sou sterf en daarom van geen toekomsplanne wou hoor nie.[48] Hy het homself steeds verbeel dat hy aan 'n ongeneeslike kwaal ly.

## 3. Terugkeer na Suid-Afrika kry gestalte

Gaandeweg het die idee van terugkeer na Suid-Afrika sterker vorm begin aanneem vir almal rondom Reitz. Vanuit Suid-Afrika was sy seuns van mening dat hy toegelaat sou word om ongestoord terug te keer ten spyte van sy onversoenlike optrede en uitlatings. Terugkeer na Suid-Afrika is deur sy vrou aangegryp as die oplossing vir al hul knellende probleme. Die huis in Pretoria is voorlopig deur die tussenkoms van Schreiner gered en Corrie het planne begin beraam om aanvanklik loseerders in die groot huis in te neem totdat Reitz weer sterk genoeg sou wees om 'n eie beroep te begin beoefen.[49] Uiteindelik moes die huis egter wel verkoop word voordat hulle na Suid-Afrika teruggekeer het om dringende skulde te delg en hulle in staat te stel om weer 'n begin in Suid-Afrika te maak. Leyds het nou aktief meegehelp om planne te beraam vir hulle terugkeer na die Kaapkolonie. Daar sou hulle hoogs waarskynlik wel toegelaat word, maar voorlopig nie in die eertydse Boererepublieke nie. Hy het met Botha geskakel en in April 1904 'n kabelgram van laasgenoemde ontvang dat hy verder onderhandel vir 'n permit vir Reitz se terugkeer na Transvaal en sy bes sou doen om Reitz en sy familie te steun. Voorlopig kon geen waarborg egter daaroor verskaf word nie. In die lig hiervan het Leyds vir Corrie gewaarsku dat solank die kwessie van 'n permit nog nie gereël is nie, daar slegs sprake kon wees van teurgkeer na die Kaapkolonie.[50]

Voor die einde van April kon Leyds verlig berig dat Botha laat weet het dat Reitz met gerustheid kon terugkeer en beslis toegelaat sou word om in die Kaapkolonie te woon.[51] Daar kon nou met definitiewe planne vir hul terugkeer begin word. Alhoewel Reitz heelwat beter was, was sy herstel egter nog nie sodanig dat hy sou kon begin werk nie. Deneys het ook dadelik probeer om sy vader se waardevolle regsboekery wat die familie gemeen het êrens in die kelders van die regeringsgebou in Pretoria geberg was, op te spoor. Hy het toestemming van die argivaris gekry, maar die boeke was skoonveld.[52]

Teen die begin van April 1904 word vir die eerste keer verwys na die plan van Coninck Liefsting van die NZAV om 'n Reitz-fonds te stig. Leyds self het hom in die suide van Nederland daarvoor beywer en onder andere van president Kruger £100 en van sir James Sivewright 50 ghienies ontvang.[53] Die NZAV sou later ook vir die Reitze se passasies vir hulle terugkeer na Suid-Afrika betaal.

Dit was ook in hierdie stadium dat die instelling van 'n leerstoel in Suid-Afrikaanse reg te Leiden deur dr. Muller geopper is. Die oogmerk was om die talle Afrikaanse

48. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Den Haag, 26.2.1904.
49. "Ik heb nog myn tafel silver en servies", skryf sy aan Leyds. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Den Haag, 26.2.1904.
50. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan C. Reitz, Parys, 20.4.1904.
51. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan C. Reitz, Utrecht, 27.4.1904.
52. TAB, CS 455, 3048/04, D. Reitz aan Fockens, "Keeper of the Archives", Pretoria, 16.5.1904.
53. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel II, Leyds aan Middelberg, Parys, 11.4.1904.

regstudente wat in Londen gaan studeer het, na Holland te lok. Muller se idee was dat 'n vooraanstaande Afrikaner wat studente sou lok, so 'n leerstoel moes beklee. Aanvanklik het hy Reitz in gedagte gehad, maar laasgenoemde se hardnekkige siekte het dit belet. Uiteindelik is 'n groot vriend van Reitz, Melius de Villiers wat hom jare tevore as hoofregter in die Oranje-Vrystaat opgevolg het, in dié pos aangestel.[54]

Vanaf Mei tot Julie was Reitz en sy vrou nog steeds op reis en sy liggaamskragte was besig om te stabiliseer. Intussen het Corrie nuus uit die Kaap afgewag oor hulle besluit om terug te keer en haar begin bekommer dat daar dalk nie ingenomendheid met sy planne was nie,[55] alhoewel sy reeds kaartjies vir 'n reis na Suid-Afrika ontvang het. Sy het 'n swaar las gedra en haar man se onseker toestand en onwillligheid om besluite te neem, het ook háár onsekerheid oor hoe om presies te werk te gaan, vergroot. Sy moes alle kwellinge van hom weghou, en het gesmag na goeie advies en vreemde vrae het by haar begin gestalte kry. Was haar man se vriende in die Kaap werklik bereid om iets vir hom te doen?[56] Tog het sy vas besluit om teen Augustus of September na Suid-Afrika terug te keer en Reitz het die onvermydelike begin aanvaar. Volgens wat Reitz later self in sy *Outobiografie* skryf, het hy ingesien dat dit beter sou wees om met sy familie na Suid-Afrika terug te keer, veral omdat Milner reeds die land verlaat het. "Wat sou van ons almal geword het as ons daar in Europa sonder bestaansmiddele moes bly sit het?", skryf hy.[57] Nooit meld hy hoe sy onversetlike houding groot ontberings vir sy vrou en kinders beteken het en dat daar 'n groot stuk selfsugtige trots in sy houding en optrede was nie. Miskien was die belangrikste rede vir sy terugkeer sy hartstogtelike verlange na sy eie land en mense. Omdat hy nie sterk genoeg sou wees om onmiddellik te begin werk nie, sou Corrie vir eers 'n gemeubileerde huisie in Kalkbaai vir ses maande huur. Daar was dit rustig en Reitz kon maklik by die see kom. Dit was ook waar hy na sy uittrede as staatspresident van sy eerste siekte herstel het.

Dit was vir haar 'n groot verligting toe sy in die loop van Julie 'n hartlike brief en £100 van generaal Botha ontvang. Sy moes nou met skaamte erken dat dit nie ontbreek aan hulp en onderskraging van hulle vriende nie.[58] In hierdie stadium het Reitz ook werksaanbiedinge uit Suid-Afrika begin ontvang. Verskeie koerante het joernalistieke bydraes gevra en honorariums aangebied. Samuel Cronwright en Olive Schreiner het hom selfs versoek om in Hanover te gaan woon en 'n vennoot in die prokureursfirma te word.

Reitz se vriende was inderdaad besig om daadwerklik aan sy belange te dink en hulle te verbind om maandeliks geld beskikbaar te stel totdat die familie weer 'n behoorlike bestaan kon maak.[59]

Op 1 Oktober 1904 het die Reitz-familie Den Haag verlaat op pad terug na Suid-Afrika.[60] Met Reitz se sestigste verjaarsdag — 5 Oktober — het die dag uiteindelik aangebreek dat die familie aan boord van die *Feldmarschall*, skip van die Duits Oos-Afrika Linie, te Antwerpen kon gaan vir die terugreis. Daar was weer iets van Reitz se ou hartlikheid en kultuurbelangstelling te bespeur. Met hulle aankoms in Antwerpen het hy oral rondgestap en groot belangstelling getoon vir die Vlaams wat in die ou en interessante

54. F.J.du T. Spies, *'n Nederlander in diens...*, pp. 224-225.
55. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, g.d.
56. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, 10.5.1904.
57. F.W. Reitz Outobiografie en 62 gedigte. Toegelig deur J.C. Moll en C.J. Burger (Kaapstad, 1978), p. 61.
58. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Hotel National, Karlsbad, 22.7.1904.
59. VAB, Fischer-versameling, 59/8/5. Uitgaande Briewe 1903-1913, A. Fischer aan L. Botha, 1.9.1904.
60. *The Star*, 3.10.1904 waarin 'n "Reuter Cable" aangehaal word.

gedeeltes van die stad gepraat is. Immers, hierdie reis sou nie maar nog 'n reis vir 'n siek banneling wees nie. Sy selfopgelegde ballingskap, sy uitmergelende isolasie en verlange was besig om ten einde te loop. Die skip was vol bespreek, maar hulle is baie goeie kajuite toegeken en aan boord was ook Reitz se swaer, Hjalmar Thesen, en dié se vrou in wie se geselskap die Reitze baie verkeer het. Op die dag van hulle vertrek het Corrie vir Leyds hartgrondig bedank vir die goeie wyse waarop hy na hulle omgesien het; hulp wat hulle nie ligtelik sou vergeet nie. "Ik ga maar met een angstig hart aan boord", erken sy. Sy glo alles sal weer regkom, dat daar vooruitgang gedurende die afgelope maande was en dat Frank besig was om gewig op te tel.[61]

Terwyl hulle op reis was, is in die Vrystaatse pers deur 'n Hollandse berriggewer gemeld dat die besluit om na Suid-Afrika en 'n Britse bewind terug te keer, vir die troue vegter van die ZAR se onafhanklikheid "veel strijd" moes gekos het. Vir die belang van sy groot kroos moes alles egter swig. Reitz, so is die verhewe en patriotiese vertroue uitgespreek, sal ongetwyfeld die vredesvoorwaardes "trouw vervullen" en deur sy voorbeeld 'n roepstem word om die nasionale karakter te handhaaf en die sedelike toestand van die Suid-Afrikaanse bevolking hoog te hou en op te hef. Daar is op gesinspeel dat Afrikaners dit nie lank in Europa kan uithou nie. Reitz het hom tog vas voorgeneem om nooit weer na Suid-Afrika terug te keer nie. As ware banneling het hy rondgeswerf en ernstig siek geword, "ziek ook van verlangen naar zijn sonnige land. Lang heeft hij geworsteld om aan zijn vaste voornemen getrouw te blijven, doch de zucht naar zijn land is hem te machtig geworden...".[62]

Vir *The African World* was die ooreenkoms tussen Reitz en sy ou vriend M.T. Steyn opvallend — beide fisiek gebroke en beide geruïneer deur die oorlog. Reitz was "an honourable pauper" en die bespiegeling oor Reitz se toekoms was dat hy die politiek sou vermy en óf 'n loopbaan as boer óf wetsgeleerde sou volg. Eintlik is laasgenoemde in die vooruitsig gestel en die hoopvolle vertroue uitgespreek dat Reitz vanweë sy grondige kennis van die Suid-Afrikaanse regsopset spoedig 'n hoë regsposisie aangebied sou word of 'n groot privaat regspraktyk deur sy ervaring en besondere vermoëns tot stand sou bring.[63]

Tydens die bootreis het Reitz se gesondheid toenemend verbeter en 'n traumatiese maar vreugdevolle aankoms het vir die Reitz-gesin op Tafelbaai op 28 Oktober 1904 gewag. Talle familielede en vriende was daar om hulle te verwelkom en wat Louis Botha in sy hartlike verwelkomingsbrief uitgespreek het, sou algaande bewaarheid word: "Nu gij weer in het land uwer geboorte zijt teruggekeerd, het koesterende zonnetje weer kunt zien en voelen, uwe oude vrienden weer terug ziet, zal *uwe oude bekende vrolijkheid* weer terugkeeren."[64] Die Reitze het hulle in Seepunt in 'n huis "Malahide" net agter die destydse Queen's Hotel gevestig.

So het Reitz se selfopgelegde ballingskap, aktiewe onversoenlikheid en deportasie van meer as twee jaar ten einde geloop. Sy oogmerke om die barbaarse oorlog en optrede van die Britte teen die Boere en die skuld en valsheid van Chamberlain aan die kaak te stel, het hy wel verwesenlik, maar sy aanvanklike en wyd verkondigde belofte om nooit weer na 'n afhanklike Suid-Afrika terug te keer nie, het jammerlik misluk. Hiervoor het sy langdurige siekte en die finansiële eise wat 'n groot familie gestel het, gesorg. Gehawend, vernederd

61. TAB, Leyds-argief, Nr. 259, Deel I, C. Reitz aan Leyds, Hotel du Grand Laboureur, Anvers, 5.10.1904.
62. *De Vriend*, 22.10.1904, "De heer F.W. Reitz".
63. *The African World*, 22.10.1904, p. 459.
64. VAB, J.H.B. Reitz-versameling 7.1, Brief gedateer 7.11.1904; *The Star*, 29.10.1904, "Mr Reitz".

en finansieel geruïneerd moes hy teen wil en dank sy lot weer inwerp om sy volk en homself te rehabiliteer. Reitz se warm persoonlikheid, sy sterk intellektuele vermoëns en die agting en liefde waarmee hy nog steeds bejeën is, sou hom deur die krisis dra en hom in staat stel om uiteindelik weer op hoë vlak leiding te gee.

### Geleidelik terugkeer tot die openbare lewe

Na Reitz se terugkeer in Suid-Afrika vervaag verslaggewing oor sy doen en late. Ses maande na sy aankoms was hy nog nie fisiek en geestelik sterk genoeg om 'n reis na Pretoria te onderneem nie. Die nagmerrie van 'n onsekere oorsese bestaan was egter agter die rug en die hele Reitz-gesin was dankbaar om weer in Suid-Afrika terug te wees en die kinders het goed begin vooruitgaan.[65] Sy kinders uit die eerste huwelik was nou versorg en het elkeen 'n eie beroep gevolg, maar dit was nodig om fondse te vind vir die onderwys van die kinders uit die tweede huwelik. Dit is beding deur die tussenkoms van Jan Hofmeyr en ander vriende en genoeg geld is bekom om, soos Reitz self verklaar het, hulle in staat te stel om "fatsoenlik te leef."[66] Dit blyk dat Reitz en sy vrou die mas kon opkom met 'n pensioen van Transvaal en later ook van die Oranjerivierkolonie.[67]

Teen Mei 1906 was daar tekens dat Reitz aan konstruktiewe werk begin dink toe hy in die Kaapse hooggeregshof amptelik as 'n vertaler in Engels en Hollands toegelaat is.[68] Wat hom besonder onderskraag het, was die toegeneentheid wat van oral deur Afrikaners teenoor hom betuig is, veral uit Transvaal en die Oranjerivierkolonie. Ook in die pers was daar verwysings na die hoë agting wat sy volk nog teenoor hom koester.[69]

Tot 1908 het Reitz se gesondheid nog probleme opgelewer, alhoewel hy weer aan die korrespondeer met sy kinders en intens geïnteresseerd oor hulle doen en late was. Aan die einde van 1908 het nog 'n oorsese reis van vier maande saam met sy vrou gevolg.[70] Hulle het ongeveer 'n maand in Londen vertoef, waartydens sy liggaamskragte feitlik volkome herstel het. Daarna is hulle na Den Haag waar hulle meer as ses weke gebly het.[71]

Gedurende sy verblyf in Holland, hierdie keer as 'n bykans volkome gesonde en "gerehabiliteerde" Suid-Afrikaner, het Reitz ook die geleentheid gehad om Dingaansdag saam met sowat 32 Suid-Afrikaners studente studerende in Amsterdam en Leiden te vier. Toe hy tien jaar tevore in Holland was, was daar slegs vier Afrikaanse studente in die hele Holland. Danksy en grotendeels deur die bemoeienis en strewe van die Nederlandse Zuid-Afrikaanse Vereeniging het die getal Suid-Afrikaanse studente in Nederland steeds toegeneem.

Terug in Suid-Afrika is Reitz uitgevra oor die gerug dat hy 'n landdrosskap aangebied is, waaroor hy sy verbasing uitgespreek het. Hy is ook getoets oor die vooruitsigte van 'n verenigde Suid-Afrika en veral die hoofstadkwessie, waarop hy geantwoord het dat hy te onkundig is oor die werk wat deur die Nasionale Konvensie verrig word. Wat die

---

65. So meld Reitz self in April 1905 dat Bessie en Harry ens. te Wynberg skoolgaan, terwyl Jack ingeskrewe prokureursklerk by Charlie Reitz in Bloemfontein was. NALN, F.W. Reitz-versameling, Reitz aan Hjalmar, 15.4.1905.
66. F.W. Reitz, *Outobiografie* ..., p. 61.
67. F.W. Reitz, *Outobiografie* ..., p. 61.
68. NALN, Dr. G. Reitz-versameling, sertifikaat gedateer 10.5.1906.
69. *Het Westen*, 20.7.1906.
70. Vanaf 28 September 1908 tot 28 Januarie 1909.
71. *De Zuid-Afrikaan*, 2.2.1909. "De ed heer F.W. Reitz in 't vaderland terug".

hoofstadkwessie betref, was sy diplomatiese kommentaar dat hy in die Kaapkolonie gebore is, lank in die Vrystaat en Transvaal gewoon het, van sy seuns tans in Transvaal en die Oranjerivierkolonie woonagtig is en hy en sy vrou weer in die Kaapkolonie woon. Hy het dus geen "vooroordeel" in die kwessie gehad nie.

Teen Maart 1908 was Reitz besig om te werk aan 'n nuwe publikasie van Afrikaanse gediggies,[72] en toe professor Fremantle aftree as redakteur van *The South African News*, het Reitz se vriend Frederick Centlivres hom gevra om inleidingsartikels vir die blad te skryf waarmee hy sowat £20 per maand verdien het.[73] Hy het ook aktief tot die openbare lewe begin toetree en in dieselfde maand 'n lesing op Stellenbosch gelewer wat in *Ons Land* oorgedruk is.[74] Gaandeweg het sy lewe voller en sy kontakte al wyer begin strek.

Teen die einde van Julie 1908 het 'n besondere geleentheid vir Reitz opgeduik toe hy vir die eerste keer na die Oorlog uiteindelik besoek in die eertydse Republieke kon aflê en ook van sy kinders daar kon besoek. Die politiek van die dag het hom intens begin interesseer en as vurige ondersteuner van Hertzog het hy sy misnoeë oor die optrede van die skoolinspekteurs oor die medium van skoolonderrig in die Oranjerivierkolonie uitgespreek. Vir Reitz was die Afrikaanse taal 'n bykans onverbiddelike beginselkwessie: dit moet erken, gehandhaaf en bevorder word.

Tydens sy verblyf in Potchefstroom[75] het hy 'n lesing gelewer oor wat hy die vier B's genoem het: die Boesmans, Bantoe, Boere en Britte. In die pers is egter slegs gerapporteer oor wat hy oor eersgenoemde twee gesê het. Met betrekking tot die "Boesmans" het hy dr. Bleek se stelling onderskryf dat hulle wel 'n afsonderlike en "primitiewe" ras is, maar geen spreektaal besit nie, slegs nabootsingsklanke van diere en voëls. Dit was natuurlik foutief om die bestaan van die Santaal te ontken, maar waar Reitz wel insig getoon het, was in sy stelling dat hy nie akkoord gaan met die beskouing dat die Boesmanskilderkuns lelik en oneties is nie. Hy het verwys na die rotstekeninge en dit as 'n "hooge graad van kunst" bestempel.[76] Hy het ook die belangrike hoof swart stamme behandel en 'n stap gevorder deur na die Swartes as "Bantoes", nie "kaffers" nie, te verwys. Volgens hom is hulle vernaamste lewensdoel horingvee en vroue en hy vind dat onder beskaafde volke dié twee elemente — as 'n mens vir vee *geld* lees — dikwels ook as die belangrikste sake gereken word.[77]

Sy gesondheid was nou bykans volkome herwin en hy sou sy stem in die openbaar al sterker laat hoor oor die heersende nie-politieke kwessies van die dag. Oor die politiek het hy hom egter uitsluitlik in private korrespondensie uitgelaat, gedagtig aan die feit dat hy met spesiale toestemming hom weer in die land kon vestig vanweë sy vroeëre onversetlikheid en skerp anti-Britse openbare uitlatings.

Een van die politieke aangeleenthede wat opslae in Suid-Afrika gemaak het gedurende 1908, was die kwessie van die medium van onderrig op skole en die botsing tussen Hertzog en die inspekteur van onderwys in die Oranjerivierkolonie. Hertzog se onderwyswet het Nederlands op gelyke voet met Engels gestel deurdat bepaal is dat onderrig tot standerd vier gegee moet word in die taal wat die kind die beste ken; daarna moet minstens drie vakke deur

72. VAB, C.J.H. Reitz-versameling, aanwins 243.7, F.W. Reitz, Malahide, Seepunt aan C.H. Reitz, 1.3 en 19.3.1909.
73. F.W. Reitz, *Outobiografie ...*, p. 61.
74. NALN, F.W. Reitz-versameling, F.W. Reitz aan Ati, Malahide, Seepunt, 16.3.1909.
75. Voor wie en waar is onseker.
76. *Ibid.*
77. *Ibid.*

medium van Engels en minstens drie vakke deur medium van Nederlands gedoseer word. Hierdie wet het ontsteltenis onder Engelssprekende Suid-Afrikaners veroorsaak. Reitz was 'n vurige ondersteuner van Hertzog, omdat hy, soos hy dit in 'n private skrywe gestel het, meer geloof het in iemand wat sonder omweg sy doel nastreef as iemand wat te veel takt gebruik. Omdat hulle nie daarin kon slaag om Hertzog by te kom nie, het Hertzog se teenstanders volgens hom in die parlement begin raas oor die verdrukking van die Empire taal en rassehaat. Sy standpunt was: die regering gee geld vir onderwys en het dus die reg om te bepaal hoe dit bestee moet word. Die parlement het immers bepaal dat die opvoeding sover dit prakties moontlik is, tweetalig moet wees. Vir Reitz het die hele kwessie neergekom op die vraag of die onderwyswet billik en reg is en of dit generaal Hertzog se plig is om die wet uit te voer. Op beide vrae antwoord Reitz positief en erken ruiterlik dat hy in elk geval kant kies teen mense soos Fraser, Byron, Botha, Schimper en ander Milneriete.[78] Hiermee het Reitz privaat laat blyk hoe vurig hy Hertzog ondersteun en dit sou gaandeweg al duideliker en openliker bekend word. Hy het ook gou vergeet van Botha se finansiële steun toe hy in Nederland was.

Die eerste blyke van Reitz se moontlike aktiewe toetrede tot die politiek het in Julie 1910 ter sprake gekom toe hy genader is om hom as NP kandidaat vir die Milworth-kiesafdeling beskikbaar te stel. Hiertoe was hy nie bereid nie, maar teen Oktober 1910 het dit algemeen rugbaar geword dat hy een van die agt senatore was wat deur die goewerneur-generaal benoem is.[79]

Vanaf Maart 1903 toe hy hom weer in Holland bevind het, tot Oktober 1910 was sewe van die moeilikste jare in Reitz se lewe. Grootliks deur die onderskraging van sy vrou, familie en vriende het hy die krisis deurleef en oorwin en weer 'n ereplek in die Afrikaner se leierskap na die oorlog begin inneem.

---

78. NALN, F.W. Reitz-versameling, F.W. Reitz aan Jack, Malahide, Zeepunt, 11.4.1910.

79. Vgl. J.C. Moll, "F.W. Reitz, President van die Eerste Senaat na Uniewording", *Acta Academica I*, 12, 1979, pp. 92-103.